# 29 Augustus 2023 - Lesing 112 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd—DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Ongewone hulp van God na die natuurgebeure – 10/4/59

**NO: 7331** Daar sal onbeskryflike chaos onder mense wees nadat Ek deur **die kragte van die natuur** gespreek het, want hulle sal almal vrees dat die gebeurtenis homself sal herhaal en gejag en vol angs sal hulle voortlewe te midde van die verwoesting wat deur die elemente van die natuur aangerig was en tog volgens My wil, wat daarin tot uitdrukking gekom het. En daar sal 'n moeilike tyd oor die mense kom, 'n tyd wat nouliks ooit meegemaak was deur mense wat die aarde bewoon het.

Maar tog is dit ook die tyd van die einde waarin alles met ongewone omvang sal plaasvind, **om mense nog tot ontwaking te bring.** Maar die natuurgebeure sal ook weer net weinige tot nadenke bring, terwyl die meerderheid mense vol verontwaardiging **alle geloof in 'n God en 'n Skepper sal verwerp,** wat sulke verwoesting toegelaat het soos wat dit vir elkeen duidelik sigbaar sal wees.

Maar tog oorweeg niemand sy eie gedrag en hoe hy homself teenoor God, teenoor My gedra het nie, Wie hulle **slegs met die mond bely het**, sonder om egter 'n lewende geloof in My te hê of met My in verbinding te wees. En maar weinig sal hulleself dan in hul groot nood na My keer, **maar hierdie weiniges sal My hulp ook sigbaar bemerk**. Ek sal hulle so duidelik wil bystaan dat hulle versterk kan word in hulle geloof aan 'n Mag wat hul lot in Sy hande hou.

Alles gebeur maar net sodat die mense die band met My kan vind. Maar dit sal steeds maar weiniges wees wat die komende tot seën sal strek, want die mense sal reeds te erg in die hande van My teenstander geval het, om hulself na My te wend en My om hulp te vra.

**En daarom kan Ek My ook nie aan hulle openbaar nie**, wat Ek egter sekerlik sal doen vir hulle wat na My sal vlug in hul nood. Die hewigheid van die lyding sal baie inniger laat bid wat die vervulling van hul gebede vir My baie makliker sal maak, omdat hulle geloof in 'n God wat kan help, duidelik sal blyk en omdat hulle My dan so sal bestorm dat Ek hulle waarlik te hulp sal kom in hul nood.

En dan sal My diensknegte ruim geleentheid hê om My Woord aan die mense te bring, **wat opgeneem sal word met 'n honger wat selde gevind sal word**. Maar die ongelowiges sal des te meer met haat vervul wees teenoor diegene wat My Woord predik, net soos teenoor diegene wie My hulp **sigbaar** sal ondervind. Maar hulle sal hulself nie laat bekeer nie, inteendeel sal hul liefdeloosheid maar net bewys dat hulle aan My teenstander behoort en hulle sal My en My liefde **openlik weerstaan**, wie hulle ook sou wou wen, maar geen toegang tot hulle kan vind nie.

Die nood sal groot wees en tog sal dit nie hopeloos wees nie, omdat Ek steeds in gebed om hulp gevra kan word en omdat Ek 'n ware gebed sal verhoor om Myself aan hulle te openbaar wat nie heeltemal in die hande van My teenstander geval het nie.

Maar die mense moet vry bly om My aan te roep en **daarom moet alles in die raamwerk van die natuurlike gebeur**, maar sal maklik herkenbaar wees vir mense wat nog 'n vonkie geloof besit en aan wie Ek Myself ook bekend sal maak, sodat hul geloof nie verlore sal gaan nie, maar veel eerder sal **toeneem** in krag en sterkte.

Die tyd lê voor julle en julle sal dit nie kan afwend nie, omdat julle self nie julle bes doen om ander weë in te slaan nie en omdat julle self deur julle lewe en handelinge die tyd ryp laat word, omdat julle self die einde bespoedig deur julle gesindheid en omdat die tyd vervul is wat aan julle toegestaan is om julle siel te laat ryp word. Amein.